

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Vandag iets oor 'n paar straatname waaroor daar effe onsekerheid bestaan. Miskien gaan iemand nog eendag 'n dokument (of kaart) ontdek wat meer lig op die saak gaan werp.

Kock(s) Straat/ Koch Straat/ Bosmanstaat

In Du Toit se kaart van 1859 word dit aangedui as KOCKS STRAAT en op al die ander ou kaarte in my besit as KOCH STRAAT. Dan het ek ook 'n interessante fotostaat van deel van 'n kaart waarop al die ou en nuwe erfnummers aangedui word [ongelukkig met geen datum op]. Daar op staan ~~KOCKSH~~ STRAAT wat doodgetrek is en langsaan staan geskryf DS. BOSMAN STRAAT. Dit lyk asof die KS tweemaal doodgetrek is. Dus het daar eers gestaan KOCKS, toe is die KS vervang met H en later is die hele spul doodgetrek. Al die geskrewe bronne wat ek geraadpleeg het noem dit KOCK STRAAT sonder die S.

In 1938 sê Preller Koch-straat het die naam ontvang van 'n verdienstelike man van 'n latere datum, wat 'n algemene winkelbesigheid gedryf het op Hamilton se hoek, en tegelyk ook iets van 'n ornitoloog en homeopadiese medisyne man was. [Hy maak gladnie melding van Kock/s straat nie]

Pretoriana nommer 2, Desember 1951 - die volgende van F.J. Du Toit Spies. Bosmanstraat is na ds. H.S. Bosman, bekende predikant en onderwysman van Pretoria genoem. Die straat het voorheen die naam van Kochstraat gedra en is waarskynlik net na die oorlye van ds. Bosman in 1933 verdoop. Die naam Koch is afkomstig van twee broers Koch wat 'n winkel in diè straat gehad het.

In die volgende uitgawe van Pretoriana, Maart 1952 berig mnr. H.P.H. Behrens [stedelike skakelbeampte] as volg: Die besluit om die naam van Kochstraat na Bosmanstraat te verander is deur die stadsraad in Januarie 1942 [nie 1933 nie] geneem. Vandag word algemeen aangeneem dat Kochstraat na twee broers vernoem is wat 'n winkel in diè straat gehad het. Ons weet egter dat op die hoek van Kerk,- en Andriesstraat 'n groot winkel met 'n groothandelaarsafdeling gestaan het wat aan Koch en Kie behoort het. Is daar miskien lesers wat weet in watter verband hierdie besigheid met die in Kochstraat gestaan het.?

'n Antwoord word gepubliseer in die volgende Pretoriana, September 1952. R. Peacock skryf as volg: Die vermoede van Mnr. H.P.H. Behrens dat die vroeëre naam Kochstraat nie van die winkelier Koch wat op die hoek van Andries- en Kerkstraat sy besigheid gehad het kom nie, is heeltemal reg. Die kaart van A.F. du Toit en van Landmeter Walker toon albei Kockstraat aan. Op die Kopiekaart 23 Mei 1936 is die straat nog Kockstraat gemerk maar later is die **k** uitgekrap en 'n **h** gemaak. In 1874 het Antonie Gerhardus Kock van Pres. Pretorius transport geneem van erwe 362 en 406 wat gelê het van Kerkstraat tot in Pretoriusstraat aan die westelike kant van die teenswoordige Bosmanstaat. In die Transportakte word die eiendom beskrywe as geleë aan Antonie Kockstraat. Die verwarring het later by oorskrywe van aktes en straatname gkom toe van die **k** 'n **h** gemaak is. In die erweboeke van Pretoria Akteskantore kry ons albei vorms Kock- en Kochstraat en later is net van Kochstraat gebruik gemaak. Bosmanstraat was dus Kochstraat en Kochstraat was Kockstraat en die was Antonie Kockstraat.

Die volgende kom uit Andrews en Ploeger:

Bosmanstraat se oorspronklike naam was Kockstraat, moontlik na Antonie Gerhardus Kock wat van die erwe in die straat besit het. Na 1875 was daar onsekerheid oor die oorsprong van die naam en is dit herdoop na twee Hollandse winkeliers, Egbert J. en Johan P. Koch. Die huidige naam in in 1942 daaraan gegee ter ere van Dr. Hermanus Stephanus Bosman (1848 – 1933) predikant van die Nederduitse Gereformeerde gemeente in Bosmanstaat.

So besluit maar self. Is Kockstraat herdoop na Kochstraat of het die verandering vanself ontstaan? Ek dink die verklaring van R. Peacock, nl. dat dit vanself ontstaan het is vir my die aanneemlikste.

Wie was Antonie [Gerhardus] Kock?

Die enigste Antonie Kock wat ek tot dusver kon opspoor het eers in 1884 as jong seun na Pretoria gekom en die straat sou dus nie na hom vernoem gewees het nie.

Net vir die interessantheid iets oor hom. Generaal J.H.M. Kock se tweelingseuns Johannes H.M. Kock en Antonie F. Kock het van Potchefstroom gekom om die skool van Meester Louis by te woon. Die skool van Louis was in Kerksraat in die huis van gewese President Burgers. [foto in 'n vorige brief "Pres. Burgers en sy gesin op die stoep van hul huis"]

Johannes Kock was in 1898 die 8ste klerk in die kantoor van die Registrateur van Akte. Antonie het in Europa in die regte gaan studeer en was in 1898 die "rapporteur in die kantoor van die Hooggeregshof en in 1899 die vyfde strafregter in die Hooggeregshof. Met Antonie het dit later nie so voorspoedig gegaan nie. Reeds voor 1899 het daar ernstige geestesversteurings by hom begin voorkom. Hy het aan die Anglo Boere oorlog deelgeneem en is gewond. Na 1902 het hy weer as advokaat gepraktiseer maar in 1905 moes hy in die gestig vir sielsiektes opgeneem word waar die dood op 14 Julie 1848 sy tragiese lewensloop beëindig het.

Ek het 'n interessante foto op my rekenaar geneem deur Van Hoepen gedurende die Anglo Boereoorlog van die Personeel van Genl. Kock. Op die foto is Genl. Kock, en o.a. Judge Kock [sy seun], en Count Zeppelin. Die ou generaal is gedurende die oorlog gewond en het later gesterf, moontlik aan sy wonde.

Koch & co.


Die drie broers Otto, Johan en Egbert Koch kom ongeveer 1877 na Pretoria. Otto werk eers vir die boukontraakteur Marinus Franken en open later 'n winkel op die Krugersdorp-Pretoriapad. Johan het in 1877 'n winkel op Kerkplein en later is hy saam met sy broer Egbert mede eienaar van Koch & Co. op die hoek van Kerkstraat en Andriesstraat. Volgens Otto het die besighede albei in 1881 doodgeloop.

Ek dwaal nou al weer van die punt af maar 'n interessante stukkie geskiedenis is die ontstaan van Parlementstraat. Toe Pretoria oorspronklik opgemeet was was daar net vier toegang strate na Kerkplein. Kerkstraat en Markstraat [Paul Krugerstraat]. Die erf oos van Parlementstraat [nommer 411] met 'n front aan Kerkplein het behoort aan Robert Cottle Green. Die aangrensende erf [nommer 410] met 'n front aan Pretoriusstraat het behoort aan Egbert Johannes Koch. Hulle het toe ooreengekom dat R.C. Green 'n pad deur sy erf sal maak [van Kerkplein tot Pretoriusstraat]. E.J. Koch het toe onderneem om jaarliks 'n bedrag van £54 te betaal vir die ewigdurende deurgang na Kerkplein.

In my versameling is daar drie fotos van van die winkel van Koch & Co. op die suid-westelike hoek van Kerk- en Andriesstraat. Ek plaas hier die twee fotos uit Lola Dunston se boek.



Die foto is voor 1880 geneem. Regs van Koch & Co. [in Kerkstraat] is die London Butchery, eienaar Palframan en daarnaas P.H. Bernard se tabakwinkel.



Hierdie foto is 'n hele paar [jaar] later geneem. Die winkel op die hoek word later afgebreek en Robert Hamilton se groot gebou word daar opgerig. Links [in Andriesstraat] is die Groothandel afdeling van Koch & Co. Net links daarvan kry ons vandag Bureauaan. Die gebou van die groothandelsafdeling word later gebruik as die Hooggeregshof en net na die oorlog word dit die Imperial Cold Storage. Baie van julle sal dit seker nog onthou as Turkstra's se Koffiehuus.

St. Andriesstraat/ Andriesstraat

Die Andriesstraat wat ons vandag ken was eers St. Andriesstraat. Waar die St. vandaan kom en wat die betekenins daarvan is weet niemand vandag nie.

Meeste bronne sê die straat is vernoem na Generaal Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius [1789 – 1853] die vader van Marthinus Wessel Pretorius.

Afstammeling van Andries Francois du Toit [van Du Toitstraat en Arcadia] beweer dit is na hul vader en president Pretorius vernoem. In 'n latere meer oor Du Toit.

Ek het ook iewers gelees dat die St. 'n afkorting is Stephanus [Schoeman]. Wat hy en die ou President in gemeen het word egter nie gemeld nie.

Ek dink dit is logies dat M.W. Pretorius wat Pretoria na sy vader vernoem het ook 'n straat [Andriesstraat] na hom sou vernoem. Is daar miskien iemand wat meer inligting het?

Groete tot volgende maand.

Rosa Swanepoel

Bibliografie

- *Koch, Antonie F. Engelberght p60
- Koch & Co. Geskiedenis Kerkstraat h Andriesstraat [ca 1870] DUN-01 p102
- Koch & Kie Eienaar van Kerkplein erf 411 [eers 382] PR-007 p017
- Koch, Egbert Zuid-Afrikaanse Handelsmaatschappij tot [1881]PR-021 p007
- *Koch, Egbert J. Kochstraat naam AND-01 p014
- *Koch, Egbert J. Kochstraat, naam BOL-01 p187
- Koch, Egbert Johannes Eienaar van Kerkplein erf 411 [eers 382] PR-007 p017
- Koch, Johan Zuid-Afrikaanse Handelsmaatschappij tot [1881]PR-021 p007
- *Koch, Johan P. Kochstraat naam AND-01 p015
- Koch, Johan Pieter Eienaar van Kerkplein erf 411 [eers 382] PR-007 p017
- *Koch, Otto P. [*-1951] In Pretoria vanaf [1877] PR-021 p007
- *Kock, A.F. [5de strafregter] Regters van die Hooggeresghof [1899] STA-03P131
- *Kock, A.F. [rapporteur] Kantoor Hooggeresghof [1898] STA-02P284
- * Kock, Antonie F. Leerling van Wessel Loius PR-014 p016
- * Kock, Antonie Gerhardus Kockstraat, naam AND-01 p015
- Kock, J.H.M. [jnr] [8ste klerk] Registrateur van Akte [1898] STA-02p093
- Kock, J.M.A. Schoemanstraat [1899] LON-01 p079
- Kock, Johannes H.M. Leerling van Wessel Loius PR-014 p016
- Kock, Johannes H.M. Skolier, Meester Louis se skool [1884-1887] PR-056 p020
- Kock, Johannes H.M. [notulehouer] Uitvoerende raad van Regering [1898] STA-02p039
- Kock, Johannes H.M. [notulehouer] Uitvoerende raad van Regering [1899] STA-03p039
-
- Koch, P. [Utr] Lid van Volksraad 1/2 S 1863-10-20
- Kock, A.M. [Potch] Onafgehaalde brief by poskantoor 4/3 S 1859-07-29
- Kock, Adriaan R. Mag vir drie maande praktiseer as dokter 1/2 S 1867-06-19
- Kock, Daniel Jacobus Lid van Jurie in die saak van Barend Breytenbach 3/2 V
1873-09-05
- Kock, G.J. [Kleinmarico] Aansoek om transport van plaas Ongezien 2/2 S 1859-08-26
- Kock, J. [sen] Rebelle. Goedere sal verkoop word indien hulle nie aanmeld 1/3 S
1863-03-10
- Kock, J.C. Oud Ouderling Vergadring Beroep nuwe predikant 3/1 V 1874-09-19
- Kock, J.H.C. Beskuldig van Hoogverraad 2/1 S 1863-02-24
- Kock, J.H.C. [sen] Gekies as lid kommisie vergadering [Krygsraad] 1/2 S 1861-05-10
- Kock, J.H.D. Inspekteer plaas vir Willem Steyn en F. Wolmerans 2/2 S 1860-03-23
- Kock, J.H.L. [Rust] Afgevaardigde vir Komitee Raad 1/1 S 1858-02-26
- Kock, J.H.L. Ingesweer as nuutgekose lid van Volksraad 2/1 S 1858-05-07
- Kock, J.H.L. [Potch] Teenwoordig by Volksraadsitting 1/1 S 1859-05-13
- Kock, J.H.L. Protes teen aanstelling van Jeppe en Lombard 1/2 S 1859-07-29
- Kock, J.H.L. Brief met klagtes 2/1 S 1859-08-05
- Kock, J.H.L. [Potch] Bly in Volksraad 1/1 S 1859-10-21
- Kock, J.H.L. [Potch] Aansoek om transport van plaas Witstinkhoutboom 2/3 S
1860-01-13
- Kock, J.H.L. [Potch] Aansoek om transport van erf 136 1/3 S 1860-01-20
- Kock, J.H.L. Onderteken protes teen Volksraadsitting 1/1 S 1862-06-05
- Kock, Jan [Mooirivier] Veldkornet verkiessing 1/3 S 1865-02-28
- Kock, P. Plaas Rivierveld [M W Stroom] 1/2 S 1865-05-23
- Kock, W.J. [Potch] Onafgehaalde brief by poskantoor 4/3 S 1859-07-29
- Kock, W.J. [Potch] Onafgehaalde brief by poskantoor 2/3 S 1860-03-23
-
- * Kochstraat Naam PR-004 p013
- * Kochstraat Oorsprong van Naam PR-003 p034
- * Kochstraat [Bosmanstraat] Naam AND-01 p015